
# Soos 'n eiland


Die waterkantwoning het sy eie private vasmeerplek.

***Die Knysna-strandmeer omring dié eilandwoning in die eksklusiewe Thesen Islands-landgoed***

DEUR: MONIQUE BRIMECOMBE
FOTO'S: ANDREE FRATES

Thesen-eiland is in die noordoostelike deel van die Knysna-strandmeer geleë en een van die min plekke waar 'n ontspanne eiland-lewenstyl gevier kan word. Die eiland is deur kunsmatig gevormde waterweë in 27 kleiner eilande verdeel wat deur middel van brûe met mekaar verbind word.

Die tweeverdieping-vakansiewoning is op een van dié mensgemaakte eilandjies geleë en het 'n private waterkant en vasmeerplek.

Die kolonialemarina-styl, wat kenmerkend van die landgoed is, word ook hier weerspieël. Hout is in oorvloed gebruik met 'n houtveranda en -dek, houtvloer, houtbalke in die plafon, 'n houtpaalheining en houtpaadjies om die huis. Die landgoed het juis 'n houtfabriek wat in 1922 op die eiland gevestig is.

Aan die buitekant van die huis is 'n sagte pastelgroen gebruik wat geïnspireer is deur die omringende lowergroen heuwels van die Tuinroete. Die groen word pragtig deur witgeverfde venster- en deurrame beklemtoon.

Die binnekant is ook deur die omringende natuur geïnspireer en daar is gebruik gemaak van sagte pastelkleure. Die blou en grys verteenwoordig die lug en see, die neutrale skakerings die seesand en skulpe en die groen die heuwels. Fraai geblomde stowwe skep 'n opgeruimde vakansieluim in die leefvertrekke.

'n Ruim dubbelvolume-sitkamer word deur die eetkamer met die kombuis verbind. Al drie dié vertrekke deel 'n houtdekpatio waar gaste in die vars buitelug by die patiotafel getrakteer kan word. Gemaklike rottangsitbanke met strepies- en geblomde strooikussings net buite die sitkamer skep 'n rustige kuier- of meditasiehoekie waar die uitsig geniet kan word.

Die kombuis is kontemporêr en gesellig met die jongste modieuse toebehore in vlekvrye staal. Die eetkamertafel en bypassende stoele het 'n ingeleefde verouderde voorkoms wat tot die informele en ontspanne atmosfeer van die huis bydra. Dit komplementeer die wit houtvloer en die tafelblad wat natuurlik gelaat is. Die eetkamer is aan weerskante afgebaken deur oopvou-glasdeure wat na die swembad lei, en aan die anderkant na die houtdekpatio.

Die slaapkamers met en-suite-badkamers spreek van onderbeklemtoonde elegansie. Bedlinne en gordyne is klassiek wit, met kleurvolle bykomstighede. In die hoofslaapkamer word wit met koel grys gekombineer. Groot glasdeure met wit hortjiesdeure maak op die grondvlak op 'n private lae-instandhoudingstuintjie oop.

Die boonste verdieping lei jou na die twee gastekamers en nog 'n informele sitkamer vanwaar mens 'n lieflike uitsig oor die hele Thesen Island-landgoed het.



Enige maaltyd is spesiaal en aangenaam op die houtdek.



Die eetkamer verbind die kombuis en die sitkamer, en lei na die patio en swembad.



1

1: Fraai geblomde stowwe word met sagte pastelkleure gekombineer in die dubbelvolume-sitkamer.

2: Die wondermooi uitsig kan beste vanaf die houtdekpatio geniet word.

3: Die hoofslaapkamer is hoofsaaklik wit met grys bykomstighede wat 'n sindelike voorkoms aan die vertrek verleen.

4: Die hoofslaapkamer se en-suite-badkamer is modern en sjiek.

5: Glaskershouers op 'n houttafeltjie en familiefoto's in donker houtrame vul die ingangsportaal.

6: Die eetkamertafel en -stoele het 'n ingeleefde verouderde voorkoms wat die res van die huis se interieur komplementeer.

7: Wit houthortjiesdeure beheer die ligintensiteit in die hoofslaapkamer, terwyl groot glasdeure die tuin deel van die slaapkamer maak.



2



3

Arnt Leonard Thesen en sy gesin het in 1868 hul tuisland, Noorweë, verlaat en in 1870 Knysna hulle nuwe tuiste gemaak. Hulle het gou deel van die gemeenskap geword deur die eerste handelswinkel te begin, en het ook handelgedryf met hout. In 1904 het Charles Wilhelm Thesen, Paardeneiland, soos dit destyds genoem is, gekoop waar hulle hout kon verwerk; dié eiland is later na Thesen-eiland hernoem.



4



5



6



7